Die Poortpos en meer . . . .

22 Julie 2020

Evangelienuus vir elke Montanapoorter

1999 - 2020

"Groot geword met die genadebrood van die Woord."

Liewe suster en broer,

Ek hoop jou week se dae is gevul met 'n volheid van uitdagings en handevol "nuwe normaal" dinge wat jou opgewonde maak.

Wat 'n vreugde om die woorde van Psalm 119:175 te mag nasê:

> **"LAAT MY LEWE DAT EK U KAN LOOF,**
> **LAAT U BEPALINGS MY STEUN WEES . . . ."**

Met oorgawe te sing (waar jy jou ookal bevind):

> "LOOF DIE HEER EN GEE HOM ERE –
> AL WAT KRUIP EN ROER EN SWEEF,
> AL WAT ASEM HET EN LEEF!
> HALLELUJA, LOOF DIE HERE!"
> (Psalm 150-1:3)

HOU MOED.
HOU AAN.
HOU JOU HAND IN DIE HERE SE HAND!

EK WIL GRAAG IETS UIT DIE VERRE GISTERTYD MET JOU DEEL:

DIE SWART DOOD OF SWART PES

Tussen die jare 1348-1350 het bykans twee derdes van Europa se bevolking a.g.v. die Swart Dood gesterf. Dit was een van die ergste pandemies in die mens se geskiedenis. Die totale dodetal oor die wêreld was ongeveer 75 mijoen. Die siekte is veroorsaak deur 'n bakterie wat verspei word deur vlooie, rotte en Mongoolse marmotte.

Dit word vertel dat Martin Luther oor die swart pes in 'n brief geskryf het:

- Ek sal die genadige God vra om ons te beskerm.
- Dan sal ek my plek ontsmet, help om die lug te suiwer, medisyne uitdeel en self medisyne neem.
- Ek sal plekke vermy waar my teenwoordigheid nie nodig is nie, om te verseker dat ander nie hul lewe deur my nalatigheid verloor nie.
- As God my wil neem, sal Hy vind dat ek gedoen het wat Hy van my verwag het.

Sal ons nie by Luther leer hoe om vandag se pandemiedae te hanteer nie?

ONS DINK AAN MEKAAR:

- **Ons kinders in klaskamers:** Mag die Here elkeen trou bewaar.
- **Ons bejaardes:** Ons is baie lief vir julle en bid vir julle.
- **Montanapoort se ouderlinge en diakens:** Dankie dat julle daar is waar julle nodig is.

Lidmate wat siek is (waarvan ons bewus is):
Brand van der Walt (083 546 6060), Frances van Zyl (083 653 9070), Marlize, dogter van Tjaart en Tina Vorster (083 376 1676), Beyers Havenga (082 807 4982), Drienie van Wyngaardt (083 300 3051), Nelie du Plessis (083 407 8431) se swaer, Nell Kurpershoek.

→ Verskoning indien ek van iemand vergeet het.

Verjaarsdae: *Lekker verjaar ! !*

Julie:

23 Maria Maritz.
24 Neville Jones (076 112 6845), Henk van der Veen (082 576 3332).
25 Jessica Bergsma (084 225 8363).
26 Dirco Bakker (060 486 8707), Dawie Burger (082 940 0726), DT Frouws (081 835 4358), Annelien Pretorius (072 563 5195).
27 Pikkie van der Merwe.
28 Bertus Joubert (083 581 8403), Damian Oosthuizen (073 931 3138 - ma), Madelaine Visser (076 981 2954).

Nuus: Teologiese Skool van die GKSA Kerk-Potchefstroom:

Met ingang 1 Januarie 2021:
Rektor: Prof Henk Stoker
Visie rektor studentesake: Prof Francois Muller
Visie rektor akademies: Prof Francois Viljoen

Voorsitter van die Kuratore vanaf 20 Julie 2020: Dr. Gerard Meijer (GK Oos-Moot)
Onder Voorsitter: Ds. Fanie Coetsee (GK Die Bult) en Dr. Deon Lartz (GK Edenvale)

Katkisasie:

→ **Voorskools - Gr. 7:**
- **Les 16**

→ **Gr. 8-10:**
- **Sondag 25 tot 27: Heidelbergse Kategismus.**

→ **Belydenisklas:**
- **Jý weet hoe ons ons dinge doen!!**

DANKIE AAN DIE VROUE VIR CHRISTUS EN DIE DAMES VAN MONTANAPOORT WAT ONGEAG COVID-19 DIE TASSIEPROJEK MET PASSIE AANPAK.

UIT DIE WOORD

Vandag twee Bybeltekste vir jou om te lees en te oordink en die Here vir dié waarhede te loof:

2 Petrus 1:5-7 (Binne die raamwerk van vers 1-15)

"Julle moet alles in die stryd werp om jule geloof te verryk met deugsaamheid, die deugsaamheid met kennis, die kennis met selfbeheersing, die selfbeheersing met volharding die volharding met godsvrug, die godsvrug met liefde onder mekaar en die liefde onder mekaar met liefde vir alle mense . . . .

Judas: 20 en 21

"Julle, geliefdes, moet egter voortgaan om julle om julle lewe te bou op julle allerheiligste geloof.

- Bid altyd deur die krag van die Heilige Gees.
- Bly in die liefde van God.
- Vestig steeds julle verwagting op die barmhartigheid van ons Here Jesus Christus wat die ewige lewe aan julle gegee het . . ."

Ek dink aan jou!
DV na elke "winter" breek die "lente" aan!

Aan Hóm behoort die heerlikheid, nou en tot in ewigheid!

Dr. Pieter Heystek
(Ook 'n Montanapoorter)